

Gereformeerde Kerk Bellville – 5 Junie 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-2:4, 5 (27:4, 5)

- 4 Ek geloof, met stille^oaanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe^oin eweue duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 27:2, 3 (p. 126)

- 2 Al bou 'n leër om my heen sy walle / om my te vang, alreeds ten dood gewy;
al kom 'n oorlog met sy duisendtalle, / ek sal nie vrees; op God verlaat ek my.
Een ding, dit het ek allermees begeer: / om in u huis so lank ek leef, o HEER,
te woon, en daar in stilheid wag te hou, / te peins waar ek u lieflikheid aanskou.
- 3 In tyd van onspoed is U my bevryder; / U berg my in die skuilplek van u tent.
Hoog, op 'n rots, staan ek bo my bestryder, / U het my pad deur dieptes heen gewend.
Dus bring ek U my offers van geklank, / en sing, o HEER, u Naam 'n psalm van dank.
O hoor my stem wanneer ek tot U skrei, / wees my genadig tog en antwoord my!

Gebed

Psalm 62:1, 4 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God! / My redding kom op sy gebod,
geen vyand hoef ek nou te dug nie. / Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap ook dán lei / wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.
- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe^oen lot,
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

Skriflesing: Amos 5:1-13

Kernverse: Amos 5:8-9

Hy wat die Sewe-ster en die Orion gemaak het en die duisternis in môrelik verander en die dag tot nag verduister, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die oppervlakte van die aarde – HERE is sy Naam! Hy wat verwoesting laat aanblits oor die sterke, en verwoesting kom oor die vesting! (Amos 5:8-9 AFR53)

Tema: Kan 'n mens onveranderd bly as jy die lewende God ontmoet het?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, iemand het eenkeer die verskil tussen die bekering tot die Christelike geloof en die oorgaan tot enige ander geloof vergelyk met iemand wat loop en iets optel. Die een persoon loop en sien iets voor hom in pad. Hy buk, tel dit op en daarna bly hy in dieselfde rigting stap. Dit is hoe iemand maak wat oorgaan tot enige ander geloof in die wêreld. Sy lewe is in 'n koers en hy kry met hierdie godsdiens te doen, maar daar kom nie die geringste verandering in sy lewenskoers nie.

In teenstelling hiermee is iemand wat tot bekering en geloof in Jesus Christus kom. Hy is soos iemand wat ook in 'n rigting loop. Wanneer hy optel wat voor hom in die pad lê, draai hy dadelik heeltemal om en loop in 'n ander rigting. So 'n mens het ook as onbekeerde 'n koers in sy lewe. Wanneer hy egter die Woord gehoor het, vind daar 'n totale ommekeer in sy lewe plaas. Waar sy lewe vroeër in 'n bepaalde koers gegaan het, kry sy lewe na die bekering presies in die teenoorgestelde rigting koers – vroeër weg van God af maar nou gerig op God.

Die punt van hierdie vergelyking is dat 'n ontmoeting met die lewende God 'n verandering in 'n mens se lewe bring. Daar kom 'n verandering oor hoe hy oor God dink en wat hy van ander mense dink. Gevolglik kom daar ook verandering in wat hy sê en wat hy doen. Hoe langer die Heilige Gees in so 'n mens besig is, hoe duideliker kom die beeld van God in hierdie mens se lewe na vore omdat die Heilige Gees die Wet van die Here al duideliker op die tafels van sy hart skryf.

Dit is egter nie net die eerste ontmoeting met die lewende God wat 'n totale ommekeer in 'n mens se lewe veroorsaak nie. Iemand wat een maal tot bekering en geloof in Christus kom, is nog nie volmaak nie. Ja, ter wille van Christus is so 'n mens se skuld vergewe en is hy gered. Die Heilige Gees het so 'n mens op grond van Christus se offer aan die kruis oorgebring in die koninkryk van God. Maar die Here het so 'n bekeerde mens nog nie geheel en al van sy bedorwe natuur en bestaan verlos nie. Dit beteken dan dat ook die bekeerde mens nog kan en behoort te verander met elke ontmoeting met die lewende God.

Broers, susters en kinders, die openbaring van die Here in Amos 5 kan ingedeel word aan die hand van die drie aanbiddingsplekke waarheen Israel so graag opgegaan het – Bet-El, Gilgal en Berseba. Verlede Sondag het ons gehoor dat die Here sy volk aangesê het om nie een van hierdie drie aanbiddingsplekke te besoek nie. Hulle moet eerder die Here soek, dan sal hulle lewe. Al drie hierdie aanbiddingsplekke het vir Israel 'n besondere betekenis gehad, want al drie is plekke waar die aartsvaders – Abraham, Isak en Jakob – vertoef het. Israel het graag hulle band met die aartsvaders onthou en beklemtoon. Dit is omdat hulle hulleself graag as die nageslag van Abraham gesien het dat hulle van die oortuiging was dat die Here aan hulle kant is. Die Here het mos 'n verbond met hulle wat Hy al met Abraham gesluit het.

Bet-El is in besonder met Jakob verbind oor wat met hom daar gebeur het. En vir die noordelike ryk was Bet-El so besonders omdat hulle Jakob se nuwe naam – Israel – as hulle volksnaam aangeneem het. Jakob het twee keer by Bet-El vertoef waar hy 'n besondere openbaring van die Here ontvang het.

Die eerste keer was toe hy van sy broer Esau gevlug het. Hy het in sy vlug teen sonder by hierdie plek aangekom. Jakob het as 'n vlugteling by die plek opgedaag. Hy is 'n man met 'n verlede – hy het sy broer en sy pa bedrieg. Hy kom ook daar aan met 'n onseker toekoms. Maar na die droom wat hy gehad waarin die Here Homself aan Jakob geopenbaar het, het Jakob van die plek af weggegaan met 'n versekerde toekoms. Die Here het immers belowe dat Hy Jakob sal bewaar en na die land toe sal terugbring en sy nageslag die grond waarop hy slaap sal erf. Jakob het die plek Bet-El genoem – huis van God – omdat God daar teenwoordig is (Gen 28:11-22).

Die tweede keer wat Jakob by Bet-El aangekom het was meer as twintig jaar later toe hy en sy hele familie van Laban af teruggekeer het. Op pad na die beloofde land het die Here vir Jakob aangesê om na Bet-El te gaan en daar 'n altaar vir die Here te bou. Daar het God weer met Jakob gepraat en sy naam verander van Jakob na Israel (Gen 35:9-15). Israel beteken iets soos *God voer die stryd*.

Uit hierdie twee episodes in Jakob se lewe en sy ontmoeting met die lewende God sien ons die volgende raak. Bet-El is die plek waar God sy mense ontmoet en met hulle praat. In Bet-El bring die Here verandering in die mense wat Hom daar ontmoet. Twee keer het die Here vir Jakob hernuwe en heroriënteer. Die Here is dus die God wat verandering bring in die mense wat Hom ontmoet.

Dit is presies wat die Here ook in ons kernverse aan ons openbaar. Wanneer God spreek en werk, kom daar verandering. Hy bring die verandering van seisoene mee. Die **Sewester** en die **Orion** is sterrebeelde wat deur die Here geskep is. Die verskyning van die Sewester het die koms van die lente aangekondig. En die verskyning van die Orion het die koms van die winter aangekondig. Die Here veroorsaak die daaglikse veranderings wanneer **die duisternis in môrelik verander en die dag tot nag verduister**. Die Here bring verandering in die natuur wanneer Hy **die waters van die see roep en dit uitgiet oor die oppervlakte van die aarde**. Verder verander Hy ook die geskiedenis van mense wanneer **Hy verwoesting laat aanblits oor die sterke, en verwoesting kom oor die vesting**.

Dit lyk asof die woorde van ons kernverse 'n loflied aan die Here kon wees wat die volk in Bet-El tydens die samekomste daar gesing het. Dit is 'n groot waarheid wat in hierdie lied verkondig word. En gesien teen die agtergrond van wat met Jakob by Bet-El gebeur het, maak dit hierdie lied nog meer besonders. Maar wat 'n groot jammerte. Die waarheid wat in hierdie lied verkondig is, het net woorde op die lippe van die volk gebly. Let op die woorde in vers 7. Dit is wat in Israel gebeur voordat hulle Bet-El toe gaan. Dan is hulle in Bet-El en sing die loflied in vers 8 en 9. Dan die groot hartseer – kyk na vers 12 – die volk doen presies wat hulle gedoen het voordat hulle die Here ontmoet het. Hulle na die aanbiddingsplek gekom as mense wat die reg in wildeals verander en die geregtigheid teen die grond gooi (Amos 5:7). En as hulle weggaan van die aanbiddingsplek af doen hulle dit nog steeds – hulle is vyande van die regverdige en stoot die behoeftige weg in die poort (Amos 5:12). Israel sê dat hulle die lewende God in Bet-El gaan ontmoet het, maar soos wat hulle gekom het so het hulle weggegaan – geheel en al onveranderd.

In vers 10 tot 13 wys die Here op ten minste vier dinge ten opsigte waarvan daar veranderings in Israel se lewe moes gekom het. Een van die eerste veranderings wat by

'n gelowige moet kom wanneer hy die Woord van die Here gehoor het, is dat hy sy lewe in ooreenstemming met God se Woord bring. Hy luister wanneer die Here Homself in sy Wet aan hom openbaar en, onder leiding van die Heilige Gees, streef hy daarna om die beeld van God in sy lewe te vertoon. Maar hierdie aanbidders het na hulle aanbidding van die Here teruggekeer na hulle ou weë. Hulle hou nog steeds nie van die regter wat die reg in die poort handhaaf nie en hulle verafsku steeds die getuie wat die waarheid getuig (Amos 5:10). Daar het dus by hulle geen liefde vir die waarheid posgevat soos wat die Here die waarheid liefhet nie.

Die God wat Homself by Bet-El geopenbaar het, is nie maar net 'n verskyning waarna hulle in verwondering moet staar nie. Hy is die God wat praat. Maar Israel gaan uit die erediens uit asof hulle niks gehoor het nie. Daar het by hulle geen liefde vir die Wet van die Here posgevat nie.

Die tweede bewys dat daar 'n verandering onder die hand van die Here by 'n gelowige gekom het, is die wyse waarop die gelowige teenoor sy naaste optree. In die eerste deel van

vers 11 sien ons dat die Israeliete na die samekoms in Bet-El steeds die arm man vertrap en boonop nog 'n heffing van koring van hom neem.

Die arm man werk hard vir wat hy het. Daar is niks te spaar nie en daar is niks te vermors nie. Maar die vooraanstaande burgers ontsien nie die arm man se omstandighede nie. Hulle vertrap hom deur 'n heffing van koring van hom te neem. Die druk op die weerlose man is so erg dat hy hierdie heffing sien as 'n verpligte en wettige belasting wat van hom geëis word. En as iemand die een wat die heffing van koring neem met 'n vraagteken op die gesig aankyk, is hy gou om te sê: Ag, dit is net 'n huldeblyk van 'n vriend. Die beginsel waarvolgens die vooraanstaande burgers geleef het was dat ander mense gemelk kan word. Arm mense staan in diens van die vooraanstaande mense. Nederigheid het nie by hierdie erediens-gangers neerslag gevind nie. Uit die hoogte kyk hulle op hulle naaste neer en kyk wat hulle uit hulle naaste kan kry.

'n Derde bewys dat die Woord van die Here inslag gevind het in die hart van die gelowige, is wanneer hy alles in die stryd werp om so te lewe dat hy God met sy lewe kan verheug. Maar wat sien die Here as Hy na hulle kyk nadat hulle van Bet-El af weggaan – Hy weet dat hulle oortreding menigvuldig is en hulle sondes geweldig. Hulle verwerping van die waarheid (vers 10) en hulle bose optrede teen hulle naaste (vers 11) is niks anders nie as oortreding en sonde teen God self. Dit is asof hierdie mense glad en geheel nie bekommerd is oor hulle sondes nie. Hulle het met hulle sondige planne Bet-El toe gegaan en net so teruggekeer. Hulle stel nie daarin belang om verander te word nie.

Dit is tog duidelik dat iemand wat so onbesorg oor sy oortreding en sondes is nie die versekering van sondevergifnis kan hê nie. Iemand wat tog die lewende God ontmoet het, sal mos van daardie oomblik af daarvoor besorg wees dat sy lewe 'n lewe is wat die heilige God tevrede stel. Hy sal die dinge liefhê wat God liefhet en haat dit wat God haat.

In die tweede deel van vers 12 word daar vertel hoe onverskrokke hierdie mense is wat nie wil verander onder die hand van die Here nie. Hulle is vyande van die regverdige, want hulle haat die waarheid, en wanneer 'n behoeftige mens geregtigheid in die poort kom soek, word hy eenkant toe gestoot, maar as hulle die kleur van sy geld sien dan is dit 'n ander storie. Hulle is nie skaam om 'n omkoopgeldjie te aanvaar nie. Die omkoopgeld weeg swaarder in hulle hart as die reg van die Here. Hulle vergeet dat God wat hulle in Bet-El ontmoet het Hom juis oor Jakob ontferm het toe hy behoeftig was en niks gehad het nie behalwe die klere aan sy lyf.

Laastens wys Amos in vers 13 daarop dat as hierdie aanbidders regtig na die Here geluister het in Bet-El sou hulle 'n samelewing wou hê waarin die regverdige veilig gevoel het. Maar in plaas daarvan het hulle 'n samelewing daargestel wat dreigend is teenoor enigiemand wat sy stem laat hoor teen die onreg en selfsug. Die samelewing wat hierdie onregverdiges veroorsaak het, is een waarin die verstandige mens eerder swyg, want hulle wat invloed het in die samelewing haat die waarheid.

Israel het graag opgegaan na Bet-El om die Here daar te ontmoet, maar in werklikheid was dit vir hulle maar net 'n uitstappie. Hulle het interessante dinge gesien en gehoor, maar dit het geen uitwerking op hulle lewe gehad nie. So 'n soort verhouding met die Here loop die gevaar om deur die vuur van die Here se oordeel verteer te word.

Dit is waaroor Jesus ons ook waarsku in Matteus 7. Op die laaste dag sal daar ook mense voor Hom as Regter staan en hulle gaan getuienis gee van hulle godsdienstigheid, want hulle noem Hom Here, Here. Hulle sal ook vertel hoe hulle geprofeteer het en wonders in sy Naam gedoen het. Maar al hulle godsdienstigheid beteken net mooi niks vir Hom nie. Al hulle godsdienstigheid dra nie die kenmerk dat hulle 'n intieme verhouding met die Here het nie, want Hy sal vir hulle sê dat Hy hulle nie ken nie. Hulle hele lewe vertoon nie dat hulle eers 'n ontmoeting met die Here gehad het nie. Daar kom geen verandering by hulle nie, want hulle doen nie die wil van die Vader nie.

Broers, susters en kinders, dit is maklik vir ons om nou hier in Bellville te sit en ons koppe meewarig te skud oor wat Israel so blantant aangevang het. Maar ons moet egter onthou dat die Here die Bybel nie aan ons gegee het om ons maar net van al Israel se skandes te vertel nie. Die Here het aan ons sy Woord gegee sodat ons Hom kan leer ken en sodat ons onself kan leer ken in die helder lig van sy heiligheid.

Ons kom ook graag op na die eredienste Sondae. Sommige van ons kom twee keer op 'n Sondag in die erediens. Baie van ons kom net een keer op Sondag op na die erediens. Hoekom kom ons na die erediens toe? Ons doen dit tog seker nie om maar net fatsoenlik en beskaafd voor te kom nie, of hoe? Wie wil ons met so 'n rede beïndruk? Die wêreld gee nie meer om of ons in die erediens kom of nie. As jy aansoek doen by 'n werk, vra die werk-gewer nie meer 'n getuigskrif van die predikant nie.

Ware gelowiges woon eredienste by, is deel van 'n Bybelstudiegroep, en hou self Bybelstudie om te luister wat die Here sê. En watter voorreg het ons nie! Jesus Christus het vir ons die pad oopgemaak na sy Vader en Hy het sy Gees aan ons gegee sodat ons ongehinderd aan die voete van die Here kan kom sit en leer. Hy beskik dat ons in 'n land mag woon waar ons nog die vryheid het om Jesus Christus openlik te bely en te aanbid. Hoe groot het die liefde vir die waarheid van die Here al in ons gegroei, of verdraai ons ook nog die reg en die waarheid soos wat dit ons pas? Hoe groot het die liefde al vir ons naaste in ons aangegroei, of sien ons ook nog neer op hulle wat minder as ons het aan aardse en geestelike skatte?

Ons kan tog nie erediens na erediens week na week dieselfde bly nie. Die Here openbaar Homself as die God wat kinders vir Hom maak van mense wat gebore vyande van Hom is. Hy laat ons keer op keer hoor hoe ernstig Hy daarvoor is dat mense nie verlore moet gaan nie, maar glo en bly lewe. Hy het sy Seun ter wille van sy vyande oorgegee sodat hulle deur sy offer vergifnis van sonde en die ewige lewe kan ontvang. Mag die Heilige Gees elkeen van ons meer en meer vervul en ons so ten volle vernuwe dat die wêreld kan sien dat ons God kan doen wat Hy Hom voorgeneem het – om van opstandige vyande gehoorsame kinders te maak.

Amen!

Slotgebed

Psalm 84:2, 3 (p. 424)

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!
- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 119:39 (p. 594)

- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 Junie 2016